

Tema 1 DIE WOORD en LIG

Skriflesing: Joh 1:1-4,9+14

Watter rol speel die Woord? Wat beteken die woord: WOORD?

Skeppingswoord:

- Gen 1:3+4 Toe het God gesê: “Laat daar lig wees! en daar was lig. God het gesien die lig is goed en Hy het die lig en die donker van mekaar geskei.
- Eks 13:21 Vir Israel – die wolkkolom bedags en die vuurkolom snags – om pad te wys en lig te verskaf.

Geskrewe woord:

- Die destydse oorgelewerde/opgetekende waarhede van God soos aan die volk van God bekend was.
- Ps 119:105 U woord is die lamp wat my die weg wys , die lig op my pad.
- Ps 119:130 Wanneer U woord vir mense oopgaan, bring dit lig; dit gee insig aan dié wat nog onervare is.
- Ps 19:8 Die woord van die Here is volmaak: dit gee lewe. Die onderwysing van die Here is betroubaar: dit gee wysheid aan die wat nog onervare is.
- Rom 15:4+5 Alles wat van vooraf in die Skrif opgeteken is, is tog opgeteken om ons te leer sodat ons deur die standvastigheid en bemoediging wat die Skrif gee, vol hoop kan wees . En mag God, die bron van alle standvastigheid en bemoediging, gee dat julle eensgesind onder mekaar sal wees soos Christus Jesus dit wil hê.

Vermaning:

- 1 Sam 15:23 Vir koning Saul : Omdat jy die woord van die Here verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.

Vleesgeworde woord:

Terug by Joh 1:1ev Die woord = Christus
= wysheid en mag van God
= die begin van alle dinge

God gee die nuwe lewe(geestelik) en vra LEEF dit.
Hy vra nie wat Hy nie reeds voorsien/gegee het nie.

2 Kor 4:2 **ONS VERMY PRAKTYKE WAT NIE DIE LIG KAN VERDRA NIE**

Gal 5:25 “Ons lewe deur die Gees: laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal”.